**Maandag 13 Julie**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 9:7-20**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 9:19**
**Meet God se lankmoedigheid teenoor jou hardkoppigheid**

Vers 7 stel dit só: *“Onthou, ja, moenie vergeet nie – jy het die Here jou God vertoornd gemaak in die woestyn.”* Die HERE was so toornig op die volk dat Hy hulle wou uitwis (vs 8). Hierdie werklikheid ontvou in dit wat ons hier lees as Moses die hele situasie vir die volk teken. Hy maak hulle daarvan bewus dat hy teen die berg Horeb opgeklim het om die kliptafels met die verbond, wat die HERE gesluit het, te ontvang. In sy onthouding van kos en water vir 40 dae beklemtoon hy die hoë heiligheid van die situasie waarin hy was in God se teenwoordigheid. Nie juis ’n beeld wat ons ooit by die volk van hoor nie, want hulle kon kla en fout soek in plaas van eerbied betoon.

Moses moes dadelik met die twee kliptafels teen die berg afgaan, weg van die HERE se teenwoordigheid op die berg, want sý volk wat hý uit Egipte gelei het, het hulle wangedra. Hulle het vir hulle ’n beeld gemaak en só verder gewys hoe ’n hardnekkige volk hulle was. God wou hulle totaal uitwis en ook aan Moses ’n belofte gee dat Hy uit Moses ’n volk sal verwek wat selfs groter is. Moses het met sy eie oë gesien dat die volk verkeerd opgetree het en wat hulle gedoen het. Hy het die kliptafels stukkend gegooi en soos die eerste keer hom voor die Here neergewerp en soos die eerste keer 40 dae en nagte lank geen brood geëet en geen water gedrink nie. Hierdie keer oor die smart wat oor hom gekom het oor die sonde van die volk waarin hulle die HERE uitgetart het. Smekend voor die HERE en weer soos vantevore het die HERE in sy lankmoedigheid Moses se pleitgebed verhoor.

*Sing: Psalm 138-1:1*
*Ds. MP Fourie (Emeritus)*